# Hoofstuk van die dag: Job 23

> *As ek maar geweet het waar om God te vind, sou ek na sy woonplek toe gaan en my saak voor Hom lê, my pleidooie aan Hom stel. (vers 3-4)*

’n Mens kan Job se frustrasie verstaan. Hy wou sy saak voor God stel, maar hy weet nie waar om Hom te kry nie. Interessant dat Job só seker is van sy onskuld dat hy selfs bereid was om

voor die lewende God te verskyn, en dit terwyl God ontoeganklike lig bewoon (1 Tim 6:16; Eks 33:20). Jesaja het gedink dis klaar met hom toe hy God gesien het (Jes 6:5; vgl Op 1:17).

Ons het gelukkig nie meer daardie probleem nie, want Jesus het die kloof tussen ons en God kom oorbrug. In Hom het God sigbaar geword. Hy het self gesê: "Wie My gesien het, het die Vader gesien"(Joh 14:9). Hy is die beeld van God (Kol 1:15, Heb 1:3).

Meer nog: Hy het nie net God vir ons sigbaar kom maak nie; Hy het ook ons saak voor God besleg (2 Kor 5:21) en só die weg na die Vader oopgemaak, sodat ons sonder skroom voor Hom kan staan (Heb 10:19-20; vgl Rom 5:1-2). Én Hy tree vir ons in by die Vader (Rom 8:34)!


## Onlangse Bydraes

- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X


© Bybelkoerant 2018 – 2026